# Wellington se ywerige voëlkykers

ELSABÉ DU TOIT
**Bibliotekaris, Wellington**

Wellington se kinders het in die afgelope maande ywerige voëlkykers geword, hoofsaaklik danksy die Kaufman-egpaar wat hulle al die pad van Switserland hier kom vestig het. Hulle wou graag 'n bydrae tot die gemeenskap maak en het die Switserse ambassade sover gekry om 30 verkykers te skenk en nou neem hulle groepe leerders op voëlkyk-ekspedisies. Dit het die toerismeburo laat besluit om in toerisme-maand 'n kompetisie te loods waar kinders gevra is om voëls uit te beeld - dit kon gedigte, tekeninge of maskers wees. Die biblioteek is genader om 'n uitstalling te maak om die gemeenskap bewus te maak van die baie materiaal wat in die biblioteek beskikbaar is oor voëls.

